AfriForum
'n Inisiatief van Solidariteit
An initiative of Solidarity

BILTONG BULLETIN

Uitgawe 25 - September/Oktober 2007

Liewe Lesers!

Soos elke maand, eers die nodige nuus: Om op die nuusbrief in of uit te teken, kommentaar te lewer of 'n bydrae te stuur, kontak ons by **alana@afriforum.co.za**. Merk die epos "**INTEKEN**", "**UITTEKEN**" of met die onderwerp van julle keuse. Hierdie gratis nuusbrief verskyn maandeliks in beide Afrikaans en Engels en nuwe intekenaars is altyd welkom. Onthou ook dat ons die adverteerders wel deeglik keur, maar geen waarborge vir hulle dienste kan voorsien nie en nie vir hulle aksies verantwoordelik gehou kan word nie.

LEESHOEKIE

Suid-Afrikaanse musiek en Afrikaanse boeke kan nou op jou drumpel afgelewer word! **Kalahari.net** is Suid-Afrika se voorste aanlyn handelaar en bied die wêreld se boeke, CDs, DVDs, speletjies, elektroniese produkte, gesondheidsprodukte en nog vele meer aan. Dit maak dit ook uiters maklik om geskenke vir vriende en familie in Suid-Afrika te koop – stuur 'n geskenkbewys of laat **kalahari.net** 'n geskenk by hulle aflewer – feestelik toegedraai en met 'n persoonlike nota daarby. Die vyf verskillende betaalopsies, deur-tot-deur aflewering, wenslysie fasiliteit, geskenktoedraaidiens, e-geskenkbewyse, gedrukte geskenkbewyse, gratis plaaslike aflewering vir bestellings bo R350 en 24-uur aflewering van top produkte maak van **kalahari.net** die enigste opsie vir gerieflike inkopies.

WEBWERWE

Net voor die tydskrif ***Insig*** ophou verskyn het, het dit Suid-Afrika se top tien webwerwe gelys. Ons noem vandeesmaand 5 van hulle:

1. **www.artthrob.co.za** – vir meer as tien jaar reeds gesaghebbend oor Suid-Afrikaanse kuns.
2. **www.24.com** – die eerste breëbandportaal vir Suid-Afrikaners met vele dienste.
3. **www.kickoff.co.za** – "die beste Suid-Afrikaanse sokkerwerf".
4. **www.samp3.com** – laai gratis plaaslike musiek af en gebruik nuttige skakels, soos die van die SA Musiekensiklopedie.
5. **www.litnet.co.za** – vir skrywers, digters, denkers, debatteerders, en natuurlik ... lesers!

SAAK VAN DIE MAAND: TOLGELD – JA OF NEE?

AfriForum gaan vertoë tot die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap (SANRAL) rig om voorgestelde tolgeldheffings op Gauteng se hoofweë te heroorweeg. As deel van die vertoë is 'n veldtog geloods waardeur lede van die publiek genooi word om hulle insette hieroor by AfriForum se vertoë te voeg. Dit kan gedoen word deur hulle kontakbesonderhede aan AfriForum te stuur deur die webwerf **www.afriforum.co.za**, of per e-pos aan **afriforum@afriforum.co.za**. Hulle is ook welkom om meer inligting oor hoe die verhogings hulle lewens sal raak, in te sluit.

AfriForum se aankondiging volg op SANRAL se bekendmaking dat 'n voorstel dat Gautengse motoriste binnekort 50c per kilometer moet betaal om op dié provinsie se hoofweë te ry, onlangs aan die portefeuljekomitee oor openbare vervoer, paaie en werke in die Gautengse wetgewer voorgelê is.

Volgens AfriForum sal 'n verhoging van hierdie aard nadelig vir almal in die land wees. Die deursnee Suid-Afrikaanse werknemer betaal reeds 25% van sy inkomste aan regstreekse belasting en 'n verdere sowat 25% aan onregstreekse belasting. Om nou van hom te verwag om selfs nog meer te betaal in die vorm van hierdie belaglik hoë tolgelde, is onaanvaarbaar. Enige verhogings van vervoerkoste het nie net 'n direkte nadelige invloed op diegene wat self van die vervoer gebruikmaak nie, maar raak elke Suid-Afrikaner. Indien hierdie persentasie stygings geïmplementeer word, sal dit die armstes van die armes die hardste tref. Op die ou einde is dit die verbruikers wat tolgeldheffings sal moet absorbeer en ons kan verwag dat dit landswyd byvoorbeeld hoër voedselpryse en boukoste sal beteken.

Waar die Staat reeds so 'n hoë persentasie belasting van inwoners in, moet besteding strenger beheer word en alternatiewe befondsing vir vervoerverbeterings gevind word, sodat tolgeldheffings van hierdie aard nie nodig sal wees nie.

NATUURBEWARING

- ***Beeld*** berig op 10 Oktober 2007: "Lede van die twee-boot-reddingspan wat gister by Muizenberg 'n verstrengelde suidelike noordkapperwalvis losgesny het, moes behoorlik hul kraaineste ken toe dié 10 m-lange jongeling sy stert gevaarlik naby aan die rubberboot se neus begin klap het. Ná sowat 40 minute se geswoeg is die dier bevry en het slegs oomblikke getalm voor hy onder die water verdwyn het." Foto: Garth Stead. Nog foto's by **www.beeld.com**. Hierdie gebeurtenis het weer beklemtoon hoe aktiwiteite van die mens die voortbestaan van seelewe bedreig.
- Die ander interessante nuus van die week is dat 'n ysberg sowat 60 kilometer van St. Francisbaai af deur die bemanning van 'n vissersboot gewaar is. Die ysberg is nog nie weer deur vliegtuie of skeepvaart opgemerk nie, maar 'n hoë resolusie satelliet gaan moontlik nou gebruik word om die ysberg se possie vas te stel om skeepvaart akkuraat

daarteen te waarsku. Ysberge het te vore in die omgewing verskyn, onder meer in 1942/3, 1830 en 1789.
- 'n Nuwe soogdierspesie, 'n klaasneus wat sowat 47 gram weeg, is in die Sentraal Karoo ontdek.

SUID-AFRIKAANSE NUUSBROKKIES — SEPTEMBER / OKTOBER 2007

- Al ingeteken op ***Biltong Happies***, ons daaglikse, gratis nuusbrief met 'n opsomming van die dag se hoofberigte uit *Beeld* en ander dagblaaie? Nie? Wel, teken dan dadelik in deur 'n e-pos met die onderwerp "Happies" te stuur aan **alana@afriforum.co.za**.
- Suid-Afrika se meer as 2 000 onafhanklike skole voorsien onderrig aan meer as 400 000 leerders, waarvan sowat 30% wit en 58% swart is. Omdat die skole nie staatsubsidies kry nie, bespaar hulle die staat sowat R1,5-miljard per jaar.
- Slegs 74% Suid-Afrikaners meen 'n man mag nooit aan sy vrou slaan nie. Die res dink dis soms of selfs altyd geregverdig!
- Die oppervlak van die land wat in die komende seisoen met koring beplant gaan word, word op die kleinste sedert 1934 geskat, naamlik 629 500 hektaar.
- Egiptiese sakelui het R3,2-miljard in 'n nuwe sementfabriek naby Mafikeng belê.
- Verfilming van *Hansie*, 'n rolprent oor krieketkaptein Hansie Cronjé se lewe, vind tans plaas.
- Legendariese Springbokrugbyspeler Hansie Brewis, is in September op 87-jarige leeftyd in Pretoria oorlede.
- 'n Nuwe goudgeel roos is na swemheld Ryk Neethling vernoem.
- Die rentekoers is op 11 Oktober 2007 weer deur die Reserwebank verhoog – 'n stap wat die eiendomsmark nog verder gaan knou.
- Vier nuwe betaal-TV-kanale het lisensies in Suid-Afrika gekry, naamlik Telkom Media, e.SAT, On Digital Media en Walking on Water.
- Gift Leremi, sokkerspeler van Mamelodi Sundowns en Bafana Bafana, is in September in 'n motorongeluk oorlede.
- Mavuso Msimang, direkteur-generaal van die departement van Binnelandse Sake, het onderneem om die departement binne 'n jaar reg te ruk. Helaas is hy die hoeveelste persoon om dit die afgelope dekade te doen en steeds daal diensleweringsvlakke aanhoudend ... AfriForum se klag teen die departement hieroor dien steeds voor die Openbare Beskermer.
- Marlene Dumas, Suid-Afrikaanse kunstenares, is met die gesogte Duitse Dusseldorf-prys vir haar werk vereer. Sy woon sedert 1976 in Nederland.
- Die ANC het versoek dat 27 straatname in Pretoria verander moet word om mense wat 'n rol in die bevrydingstryd gespeel het, te vereer. Dit sluit Schoeman-, Van der Walt-, Pretorius-, Paul Kruger-, Charles- en Koningin Wilhelminastraat in.
- In 'n oefening tussen die Suid-Afrikaanse en NAVO-vloot het een van Suid-Afrika se duikbote die NAVO-taakmag in 'n skyngeveg verslaan.
- Vyf Sanmans van die Kalahari het as kunstenaars opgetree vir 'n nuwe stel munte wat deur die SA Munt bekendgestel is. Die reeks munte staan bekend as die 2007 Natura-reeks en beeld elande uit. Dit was binne 24-uur uitverkoop.
- Die minister van gesondheid het aangekondig dat verpleegsters se salarisse met tussen 20 en 88% aangepas gaan word. Aanstaande jaar sal onderwysers se salarisse ook met 1 tot 40% verhoog word, aldus die minister van Onderwys.
- Maties is vanjaar se klubrugbykampioene na hulle Tukkies met 24-8 geklop het.
- Die Suid-Afrikaanse wynbedryf het daarin geslaag om papsakke en plastiekbottels waarin goedkoop wyn verkoop word, verbied te kry.
- Die departement van Grondsake vra die publiek om kommentaar te lewer op buitelandse eiendom van Suid-Afrikaanse grond. 'n Verslag oor die onderwerp is beskikbaar by **http//land/pwv.gov.za**. Kommentaar kan gestuur word aan **plof@dla.gov.za**. Die sluitingsdatum vir kommentaar is 6 November 2007.
- Buitelandse reisagente is skynbaar onwillig om Suid-Afrika as bestemming te bemark weens 'n tekort aan vlugte hierheen.

- Dokter Jan van Heerden, beter bekend onder die skuilnaam Jan van Elfen, is op 80-jarige leeftyd in September oorlede. Hy het mediese boeke wat in vele Suid-Afrikaanse huise staan, soos *Babasorg*, geskryf.
- Eerwaarde Thabo Cecil Makgoba, biskop van Grahamstad, is as Anglikaanse biskop van Kaapstad aangewys in die plek van aartsbiskop Njongonkulu Ndungane wat na 11 jaar in dié amp, uittree.

WELSYN

Die verdwyning van Madeleine McCann het die wêreld se aandag opnuut op die lot van kinders wat verdwyn, gevestig. Helaas is dit nie 'n onbekende gebeurtenis in Suid-Afrika nie.

Die webwerf **www.missingchildren.co.za** probeer om verdwene Suid-Afrikanertjies vinnig en veilig met hulle ouers te herenig en om ouers sommer weer van die veiligheid van hulle kinders bewus te maak. Pieter Boshoff van die webwerf (kontaknommer 072-6477464) skryf hieroor:

"Daar is die mite dat jy 24 uur moet wag voor jy 'n verdwyning aanmeld - dis nonsens, mense kyk te veel Amerikaanse flieks ... Ons help kinders, maak nie saak hoe ryk of arm hulle is nie. Hier was meisie wie se ma 'n huiswerker was en dan het ons 3 weke gelede gehelp met 'n direkteur van groot maatskappy se seun. Geld en area sê niks nie, dit gebeur met almal."

Op die webwerf lees ons:

This site has to do with one aspect of crime and that is against South Africa's youth and especially those that easily fall prey to unscrupulous and evil people. It is a known fact that the first 24 hours are crucial when a child disappears. We shall post downloadable colour pictures (to be provided) and as many details as possible about the child, possible suspects and as much on the circumstances around the case. With this information being released while the trail is still hot, the chances of success are much greater and that is where our readers come in. The more people on the lookout, the better become the chances of pertinent information being made available to the police. Once the community gets involved criminals will find that they will be hunted relentlessly - not only by the police. We have spoken to the families of children who have experienced these traumatic events. Things they never thought would happen to them. But they did happen. Newspapers and the other media cannot report extensively on every case, but we do need the information to go out to the public. Our children have to be safe and parents should be secure in the knowledge that neighbours and other members of the community will walk the extra mile for our youth. In some cases it may be the doings of a naughty child, but we have to be aware that it may be a real serious event that is unfolding. Posting the information on this website is totally free and will never be charged for. We have to care for one another. We don't have to be friends with the people involved, but we have to help care for them and the children. It can happen to people from an affluent community and it can happen to someone from a disadvantaged area. It makes no difference. Nobody should have to go through a trauma like this and we all have the responsibility to eradicate this evil. Please visit us daily so you can be a South African citizen who cares. You will help reduce pain and heartache and be a responsible citizen others can be proud to know.

Dankie vir enige ondersteuning wat julle aan hierdie saak kan gee!

RESEP VAN DIE MAAND

Outydse Souskluitjies

Dit reën nou al dae lank. Ek verlang na my kleintyd, toe ons op sulke dae in Ouma Anna se kombuis om die geel Formica-tafel saamgetrek het en gewag het op een of ander wonderwerk om van die stoof se kant af te verskyn. Soms, as Ouma vroeg genoeg opgestaan het om te knie, of as Oupa gehelp het, was dit vetkoek. Blinkglad elastiese stukkies deeg wat bros en goudbruin vetkoeke word waarin die botter en tuisgekookte appelkooskonfyt wegsmelt. Ander kere was dit springmielies. Oupa het dan ook gehelp. Dit was 'n ewigheid voor daardie mielietjies begin wip het en jy het jou dan vermaak deur na die prentjies op die blou Delftteëltjies om die stoof te kyk. Ek was op 'n keer ongeduldig en het in die pot geloer ... net toe die eerste mielie spring. Dit het kokende olie op my neus gespat en was vreeslik seer. Ouma het my gesoen en alles was beter. Een jaar het niggies Marianna en Edelweiss en ek vir Ouma help Kersfeeskoekies bak. Sy het gesê ons kan al die koekies wat breek, eet. Jammer om te erken, maar daar was abnormaal baie breekskade daardie dag. Ouma het gemaak of sy van niks weet nie en ons het behoorlik aan die Ant' Martha-koekies, *ginger nuts*, soetkoekies en *crunchies* weggelê. Was hondsiek toe ons huis toe is. Die stoof het nie direk op die plankvloer gestaan nie, maar op 'n swart sement platvorm. Links van die platvorm was 'n muisgat. Op 'n dag was ons kinders hoogs opgewonde om 'n klein muisgesiggie daar te sien loer. Ouma was briesend en het skade voorsien: "Jan, gaan haal dadelik die muisval!" Ons is huil-huil agter Oupa aan garage toe. "Ag Oupa, moenie die ou muisie doodmaak nie. Asseblief Oupa?" Oupa het gesê hy sal 'n plan maak. Hy het die valletjie gestel, maar toe Ouma met die tee sitkamer toe is, het hy en ons allerlei snoepgoedjies by die gaatjie ingegooi om die muisie dik genoeg te voer dat hy nie die valletjie sou besoek nie. Wat die lot van die muisie was, weet ek nie. Ons het hom nooit weer gesien nie en Oupa het gesê wilde diertjies hou nie van 'n huislewe nie en die muis het dalk getrek. Kans is seker groter dat Ouma hom met die besem bygekom het toe ons nie by was nie, of dat hy aan suikersiekte dood is van alles wat in die gaatjie afgegooi is ... Ek het vandag feitlik al die resepte van Ouma se reëndag trooskos. Kan alles goed maak ook, maar dit proe nooit dieselfde nie. Op die ou einde is liefde seker die belangrikste bestanddeel van enige kos ... Van alles is ek nou die heel lusste vir souskluitjies en het hierdie resep vir julle opgespoor ...

Kluitjies:

250 ml koekmeelblom
2 ml sout
1 eier
10 ml bakpoeier
50 ml margarien / botter
100 ml melk

Sous:

500 ml kookwater
kaneelsuiker
25 ml margarien / botter

Sif droë bestanddele saam. Vryf 50 ml margarien in tot mengsel soos broodkrummels lyk. Klits eier en melk saam, roer by meelmengsel in en meng tot 'n sagte deeg. Voeg nog melk by indien nodig. Verhit water en 25 ml margarien tot kookpunt. Skep lepelsvol deeg in kokende water. Sit deksel op en laat kook 15 minute. Moenie deksel oplig terwyl kluitjies kook nie. Skep kluitjies met 'n gleuflepel uit in 'n diep opskepskottel. Strooi kaneelsuiker oor. Kook water waarin kluitjies gaargemaak is, weer. Voeg kaneelsuiker by en giet oor kluitjies. Jy kan nog water byvoeg indien nodig.

BRIEWE, MARKHOEKIE EN VERSOEKE

- ***Evandren skryf uit Australië:*** I just read the letter sent in to the Biltong Bulletin's August/September edition, from Willa in New Zealand. I must say it touched me to read how much she loved her culture and South Africa, and most of all how much she *appreciated* her new country. In recent times I have travelled a lot, and I can't say that I have seen a lot of happiness in this world. So it was refreshing to come across such optimism and enthusiasm.
- ***Jaco skryf uit Nieu-Seeland:*** Baie dankie vir 'n mooi uitgelegde inligtingswerf. Ek dink egter dit kort verwysing na volware navorsing en is dus nutteloos, en kan net gesien word as een mens se uitkyk en waarnemings (een mens wat sekerlik nog nie die buiteland besoek of daar gewoon het nie). Die feit bly staan dat enige buitelandse ondervinding vir 'n jong afrikaner meer kan beteken as enige ander naskoolse opleiding. Suid-Afrika was stabiel verklaar deur die VN tussen 1962 en 1992. Daar word egter beweer dat die navorsing nou toon dat Suid Afrika in 'n groep van "onbewoonbare lande" (direkte vertaling) val. So kan jy enige jongmens blameer as hy die gemors wat in ons land ontstaan het wil verlaat en 'n ander heenkome vind. Is die wit Suid-Afrikaner se hele geskiedenis nie gewortel in immigreer, trek en boer nie. Ons gaan nou 'n nuwe fase van ons volk se geskiedenis binne. 'n Fase waar die met wilskrag en uithouvermoë terugkeer na die lande waarvandaan hulle ontstaan het. Laastens dink ek julle kostes vir immigrasie is totaal ongesubstansieer en dus nutteloos. Groete uit 'n rustige land(NZ).
  [Ons het Jaco nog nie geantwoord nie, want dan begin ons net weer met die "gaan of bly debat" wat nou al jare in Suid-Afrika aanhou en net so onbeantwoordbaar as die "Wie was eerste, die hoender of die eier"-vraag is. Maar dalk wil iemand hierop reageer? O en tussen hakies, ons doen nogal navorsing, ons skryf nie sommer net idees op 'n webwerf nie. Feit bly staan – immigrasie van enige aard is 'n persoonlike besluit en ***niemand*** het die reg om vir jou te sê dis reg of verkeerd nie, want hulle staan nie in jou skoene nie. Jy is net onder 'n verpligting teenoor jouself en jou afhanklikes om van jou keuse 'n ingeligte besluit te maak!]
- Oor terugkom, skryf **Richard Crouch uit die VSA:** All the red tape and regulations makes returning home for expatriates an enormous ordeal. The public overtures by President Mbeki's government to entice skilled South African's back home are nothing but a farce. For South African's living abroad for the past 10 or 20 years returning home is a huge undertaking, selling a house, moving personal belongings immigration for spouse and children. None of this is made any easier by the current government. South African's living in the United States for example have the additional problem of their vehicles. The regulations set forth by the SABS (South African Bureau of Standards) are pretty narrow, they are as follows:

  - Left hand drive vehicles must have been manufactured before 1 January 2000;
  - The vehicle must have been registered to the importer (you) before 1 January 2000;
  - If the vehicle is manufactured before 1 January 2000 but after 1 January 1997, you must get a letter from the manufacturer stating that the vehicle complies with EU standards. (That eliminates every US made vehicle in that category because none comply with those standards).

  So, basically what you are left with is a vehicle that is manufactured before 1 January 1997. Well, two of my four vehicles were manufactured in 1996 and comply with all of the above requirements. When I submitted my application to SABS I get an email back that simply states "Left hand drive vehicles are not allowed in South Africa". Now that statement is blatantly inaccurate. Yes left hand drive vehicles are not allowed in South Africa EXCEPT for the exceptions listed above. They obviously did not know their own law, did not read the entire application or want to make it as hard as possible for returning South Africans. It is an unnecessary burden to impose on these returning citizens to expect them to sell, at a loss, their vehicles that are already paid for and have to purchase new vehicles at four times the price on their arrival in South Africa, in addition to purchasing a new house and the other moving related expenses. Another problem that returning South Africans encounter is the fact that you cannot open a bank account unless you are physically in South Africa. How are you supposed to bring millions of Rand with you if you do not have an account to electronically transfer it to, are

you supposed to pack you pockets and bags with cash? It should be as simple as going to the SA Consulate in the country you are currently living in, proving your identity and then opening the bank account through the SA Consulate. Maybe that is too simple for the government types. If the government really wanted to entice skilled South African's back home they would cut some of the red tape and make some exceptions for the returning citizens. Or maybe they see the returning citizens as a threat to them as most of them are white and they feel that they would more than likely vote for a party other than the ANC.
[Richard se webwerf is by **www.anewsouthafrica.com**. Besoek hom gerus!]

- ***Leslee, voorheen van die VSA, nou in Johannesburg, vra steeds:*** Is there any interest in a support group for foreign spouses of South Africans living in South Africa? If there is, then let me know. I will be happy to help with the organization of such a group!
[Stuur epos aan **alana@afriforum.co.za** asseblief. Leslee is reeds deur etlike eggenote gekontak.]

Daarmee is dit weer tyd om te groet. Dankie vir die geselskans en beste wense!

Alana & kollegas
AfriForum
[**www.komhuistoe.co.za** / **alana@afriforum.co.za**]